

22 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 27 en 28

Fokusgedeelte: 1 Samuel 28

Saul en die dodebesweerder

Die Filistyne is slag gereed om die Israeliete aan te val. In sy nood probeer Saul om die Here te raadpleeg, maar hy kry geen antwoord nie (28:6). Die swye van die Here maak hom só doodsbenoud dat hy by 'n dodebesweerder hulp gaan soek. So is destyds van iemand gepraat wat ons vandag 'n "medium" noem - iemand (so glo baie mense) wat in staat is om die geeste van afgestorwenes op te roep. Is dit nie ironies nie! Toe Saul se hart nog met die Here was, het hy alle dodebesweerders en waarsêers in die land uitgeroei (28:9). Nou gaan hy so werklikwaar een van hulle raadpleeg.

Die vraag word dikwels gestel of Samuel werklik aan die dodebesweerder en aan Saul verskyn het. Ons weet nie. Natuurlik is alles by God moontlik. Soos Hy Moses en Elia aan Jesus en sy dissipels op die berg (Matt 17:2-8) laat verskyn het, so kon Hy Samuel ook aan Saul laat verskyn het. Wat ons wel weet is dat die Woord van God die oproep van geeste as sonde veroordeel (Lev 20:27).

In 1 Kronieke 10:13 en 14 lees ons dat Saul gesterf het omdat hy nie na die Woord van God geluister het nie en omdat hy by 'n gees gaan raad vra het. Saul moes in ware berou en bekering sy toevlug tot die Here geneem het. Maar nou doen hy dit nie, omdat hy nie 'n Koning wou hê nie. Hy wou alleen koning wees! Daarom die allesomvattende vraag: Wie is koning van jou lewe? Jy of God?

Sing: Psalm 146:2,3

Dr CJ Malan (Emeritus)